(a) such premises are entirely separated from and are not joined to any other shop, business or dwelling premises;

(b) such premises have a separate yard with a floor constructed of cement, concrete or other similar impervious building material brought to a smooth finish and sufficiently sloped and drained for the efficient run-off and proper disposal of all liquids;

- (c) daar 'n onbelemmerde ruimte om die hokke in die agterplaas is, wat behoorlik toegang verleen sodat die hokke skoongemaak kan word;
- (d) daar in so 'n agterplaas 'n platform van sement, beton of 'n ander ondeurdringbare boumateriaal aangebring is, wat skuins af in 'n riool dreineer sodat alle afvalwater doeltreffend kan af- en weggeloop, of waar 'n riool nie beskikbaar is nie, die afvalwater behoorlik op 'n ander doeltreffende wyse weggevoer kan word;
- (e) dié perseel kragtens die Raad se verordeninge verlig en geventileer is;
- (f) al die vloere van die perseel van sement, beton of 'n soortgelyke ondeurdringbare boumateriaal wat glad afgewerk is, gebou is;
- (g) al die mure van klip, baksteen, sement, beton of 'n soortgelyke boumateriaal gebou is, waarvan die binnevlakke, behalwe waar glasuur- of glasstene of glasuur-teëls gebruik word, met sementpleister gepleister, glad afgewerk, en met 'n ligkleurige olievers bedek is;
- (h) al die hokke geheel en al van metaal gemaak, en van ondeurdringbare en verwyderbare duplikaatlêërs voorsien is en al die buisvormige toebehore se binne-openinge verseël is;
- (i) al die hokke so gebou is dat hulle minstens 1,37 m bokant die vloeroppervlakte is;
- (j) daar vir die kooigoed van diere voldoende bêreplek wat behoorlik teen knaagdiere beskerm is, op die perseel voorsien word;
- (k) daar voldoende metaalbakke met nussluitende deksels voorsien is, ten einde die kos vir die diere op die perseel in te bêre;
- (l) daar 'n koelkas beskikbaar is waar die temperatuur op hoogstens 10°C gehou kan word en waarin die vleis, vis en ander bederfbare voedsel vir die diere gebêre kan word;
- (m) daar geskikte en voldoende houers beskikbaar is om lewende vis in te hou;
- (n) daar 'n doeltreffende, voldoende en gesonde toevoer van warm en koue lopende water voorsien word, wat nie besoedel kan raak nie en wat oor 'n voldoende aantal waskomme aangelê is wat met afvoerpijpe ooreenkomstig die Raad se Rioleringsverordeninge toegerus is;
- (o) afsonderlike toiletgeriewe ingevolge artikel 22 vir Blanke mans en Blanke dames asook vir Nie-Blanke mans en Nie-Blanke dames wat op die perseel in diens is, voorsien word;
- (p) daar voldoende en doeltreffende ruimte vir al die diere wat op die perseel gehou word beskikbaar is, asook voldoende en afsonderlike ruimte wat behoorlik van die hoofwinkel afgesonder is en waar diere wat siek of moontlik siek is, gehou kan word.
- (c) there is an unobstructed surrounding giving adequate access for cleansing purposes to the cages, which are kept in such yard;
- (d) there is 'n platform in such yard constructed of cement, concrete or other impervious building material, sloped and drained and connected to 'n sewer, for the effective run-off and disposal of all waste water, or where no sewer is available, to other approved means for the effective disposal of waste water;
- (e) such premises are lighted and ventilated in terms of the Council's by-laws;
- (f) all floors throughout such premises are constructed of cement, concrete or other similar impervious material brought to a smooth finish;
- (g) all walls are constructed of stone, brick, cement, concrete or other similar material, the interior surfaces of which, except where glazed or glass bricks or glazed tiles are used, are plastered with cement plaster and brought to a smooth finish and covered with a light-coloured oil paint;
- (h) all cages are constructed entirely of metal and are fitted with duplicate impervious removable trays and all the interior openings of tubular fittings are sealed;
- (i) all cages are constructed in such a way that they are not less than 1,37 m above the floor level;
- (j) sufficient storage, properly rodent-proofed, is provided for all animal bedding on the premises;
- (k) a sufficient number of metal bins equipped with tight fitting lids are provided for the storage of food for pets on the premises;
- (l) a refrigerator capable of maintaining a temperature not exceeding 10°C is provided for the storage of meat, fish or other perishable foodstuffs used in the feeding of animals.
- (m) suitable and adequate containers are provided for the keeping of live fish;
- (n) an effective, adequate and wholesome supply of hot and cold running water, free from possible pollution, is provided and laid on to an adequate number of wash basins fitted with wastepipes in accordance with the Council's Drainage By-laws;
- (o) separate toilet conveniences are provided in terms of section 22 for White and Non-White men as well as separate conveniences for White and Non-White women employed on such premises;
- (p) there is provided adequate and sufficient accommodation for all animals kept on the premises, and such additional accommodation, properly separated from the main shop, as is adequate and sufficient for the keeping of sick or apparently sick animals.

Pligte van Handelaar

352. Niemand wat 'n besigheid vir die verkoop van troeteldiere bedryf, mag —

- (a) in gebreke bly om die perseel te alle tye in 'n sinde-like, sanitêre en goeie toestand te hou nie;

Duties of a Trader

352. No person conducting a business for the sale of pets shall —

- (a) fail to maintain the premises in a clean, sanitary and good condition at all times;

- (b) in gebreke bly om al die hokke en blikke op sy perseel te alle tye in 'n sindelike, sanitêre en goeie toestand te hou nie;
- (c) toelaat of veroorsaak, dat diere in die vensterruimte gehou word, tensy hulle in verwyderbare hokke is nie;
- (d) toelaat of veroorsaak, dat meer as 70% (sewentig persent) van die winkel se vloeroppervlakte met hokke of goedere wat in verband met die besigheid gebruik word bedek is nie;
- (e) in gebreke bly om doeltreffende maatreëls ter voorkoming van die uitbroei, en ter vernietiging van vlieë, kakkerlakke, knaagdiers en ander ongediertes te tref en in stand te hou nie;
- (f) in gebreke bly om skoon en heel oorpakke vir die gebruik van sy werknemers te voorsien, en sodanige oorpakke in 'n skoon en heel toestand te hou nie;
- (g) in gebreke bly om toe te sien dat hy en sy werknemers wanneer hulle werk op die besigheidperseel verrig, dié oorpakke altyd aan het nie;
- (h) in gebreke bly om enige verdagte geval van siekte of skielike dood onder die diere op sy perseel, by die geneeskundige gesondheidsbeampte aan te meld nie;
- (i) in gebreke bly om 'n register by te hou waarin die naam en adres geskryf moet word van die persone van wie die handelaar elke dier aangekoop het, en die naam en adres van die persoon aan wie elke dier verkoop word nie;
- (j) in gebreke bly om so 'n register aan die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger voor te lê nie;
- (k) in gebreke bly om die perseel te alle tye ooreenkomstig die bepalinge van artikel 351 in stand te hou nie.

Dra van Oorpakke.

353. Niemand wat in 'n besigheid vir die verkoop van troeteldiere in diens is, mag in gebreke bly om skoon, heel oorpakke te dra nie.

Vertoning van Verordeninge op Perseel

354. Enige persoon wat 'n besigheid vir die verkoop van troeteldiere op 'n perseel bedryf, moet sorg dat 'n afskrif van hierdie Hoofstuk op 'n opvallende plek op sodanige perseel aangebring en bewaar word. So 'n afskrif moet te alle tye in 'n leesbare toestand gehou word."

P.B. 2-4-2-77-57.

Administrateurskennisgewing 531

28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT PRETORIA: AANNAME VAN STANDAARDGESONDHEIDSVERORDENINGE VIR KINDERBEWAARHUISE EN KINDERBEWAARHUISE-CUM-KLEUTERSKOLE VIR BLANKE KINDERS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Pretoria die Standaardgesondheidsverordeninge vir Kinderbewaarthuise en Kinderbewaarthuise-cum-Kleuterskole vir Blanke Kinders, afgekondig by Administrateurskennisgewing 273 van 1 Maart 1972, inge-

- (b) fail to maintain all cages and bins upon his premises in a clean, sanitary and good condition at all times;
- (c) allow or cause or permit animals to be kept in window areas, unless they are in removable cages;
- (d) allow or cause more than 70% (seventy per cent) of the floor area of the shop to be covered by cages or goods incidental to the business;
- (e) fail to provide and maintain effective measures for the prevention of the breeding and the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin;
- (f) fail to provide clean and sound overalls for the use of his employees and to maintain such overalls in a clean and sound condition;
- (g) fail to ensure that such overalls are worn at all times by himself and his employees when engaged in work upon the business premises;
- (h) fail to report to the medical officer of health any suspicious disease or sudden death amongst animals on his premises;
- (i) fail to keep 'n register in which the name and address of the person is recorded from whom the trader has purchased each animal, as well as the name and address of the person to whom such animal is sold;
- (j) fail to display such register for inspection at all reasonable times to the medical officer of health or his duly authorised representative;
- (k) fail to maintain the premises at all times in accordance with the provisions of section 351.

Wearing of Overalls.

353. No person employed in a business for the sale of pets shall fail to wear clean and sound overalls.

Display of By-laws on Premises.

354. Any person conducting a business for the sale of pets on any premises shall ensure that a copy of this Chapter is affixed and maintained in a conspicuous position on such premises. Such copy shall at all times be kept in a legible condition."

P.B. 2-4-2-77-57

Administrator's Notice 531

28 March, 1973

PRETORIA MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD HEALTH BY-LAWS FOR CRÈCHES AND CRÈCHES-CUM-NURSERY SCHOOLS FOR WHITE CHILDREN.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the City Council of Pretoria has in terms of section 96bis (2) of the said Ordinance adopted with the following amendment the Standard Health By-laws for Crèches and Crèches-cum-Nursery Schools for White Children,

volge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, met die volgende wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is:—

Deur die woordomskeywing van "raad" deur die volgende te vervang: "'raad' die Stadsraad van Pretoria;".

PB. 2-4-2-25-3.

Administrateurskennisgewing 532

28 Maart 1973

**LANDELIKE LISENSIERAAD, BALFOUR:
BENOEMING VAN LID.**

Hierby benoem die Administrateur, kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan hom verleen by regulasie 7(4) van die regulasies gemaak ingevolge artikel 18 van die Licensie (Kontrole) Ordonnansie, 1931 (Ordonnansie 3 van 1932) en afgekondig by Administrateurskennisgewing 267 van 8 Junie 1932 (soos van tyd tot tyd gewysig), mnr. R. P. Botha tot lid van die Landelike Licensieraad vir die Landdrosdistrik van Balfour met ampstermyn tot 30 November 1974 in die plek van mev. A. D. Labuschagne, wat bedank het.

T.W. 8/7/3/3.

Administrateurskennisgewing 533

28 Maart 1973

**RAAD VAN ADVIES INSAKE DIE TRANSVAALSE
PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENS: LEDE.**

Hierby word, ooreenkomstig artikel 10 van die Ordonnansie op die Transvaalse Provinsiale Biblioteek No. 16 van 1951, vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee behaag het om ingevolge artikel 3 van genoemde Ordonnansie, onderstaande persone te benoem tot lede van die Raad van Advies insake die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, vir die tydperk 1 Januarie 1973 tot 31 Desember 1975:

Dr. S. H. Pellissier
Dr. Elize Botha
Prof. T. T. Cloete
Prof. P. C. Coetzee
Prof. G. Dekker
Mev. K. Jeffreys
Mev. H. Martins
Prof. N. G. Sabbagha
Prof. J. G. Kesting

Voorts het dit die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee behaag om kragtens artikel 4 van genoemde Ordonnansie vir dr. S. H. Pellissier te benoem tot Voorsitter van genoemde Raad.

Administrateurskennisgewing 534

28 Maart 1973

**KENNISGEWING VAN VERBETERING.
MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG:
VERANDERING VAN GRENSE.**

Administrateurskennisgewing 269 van 21 Februarie 1973 word hierby verbeter deur in Bylae B, in die vyf-en-dertigste reël in die Engelse teks, die woorde "north westwards" deur die woord "north-eastwards" te vervang.

PB. 3-2-3-93 Vol. 2

published under Administrator's Notice 273, dated 1 March 1972, as by-laws made by the said Council:—

By the substitution for the definition of "council" of the following: "'council' means the City Council of Pretoria;".

PB. 2-4-2-25-3.

Administrator's Notice 532

28 March, 1973

RURAL LICENSING BOARD, BALFOUR: APPOINTMENT OF MEMBER.

The Administrator hereby, under and by virtue of the powers vested in him by regulation 7(4) of the regulations made in terms of section 18 of the Licences (Control) Ordinance, 1931 (Ordinance 3 of 1932) and published by Administrator's Notice 267 dated 8th June, 1932 (as amended from time to time), appoints Mr. R. P. Botha as a member of the Rural Licensing Board for the Magisterial District of Balfour with term of office expiring on the 30th November 1974, vice Mrs. A. D. Labuschagne, who has resigned.

T.W. 8/7/3/3.

Administrator's Notice 533

28 March, 1973

**TRANSVAAL PROVINCIAL LIBRARY ADVISORY
BOARD: MEMBERS.**

It is hereby notified for general information, in terms of Section 10 of the Transvaal Provincial Library Service Ordinance No. 16 of 1951, that the Administrator-in-Executive Committee has been pleased, under the provisions of Section 3 of the said Ordinance, to appoint the following persons as members of the Transvaal Provincial Library Advisory Board for the period 1 January 1973 to 31 December 1975:

Dr. S. H. Pellissier
Dr. Elize Botha
Prof. T. T. Cloete
Prof. P. C. Coetzee
Prof. G. Dekker
Mrs. K. Jeffreys
Mrs. H. Martins
Prof. N. G. Sabbagha
Prof. J. G. Kesting

The Administrator-in-Executive Committee has further been pleased, in terms of Section 4 of the said Ordinance, to appoint Dr. S. H. Pellissier as Chairman of the said Board.

Administrator's Notice 534

28 March, 1973

**CORRECTION NOTICE.
VERWOERDBURG MUNICIPALITY:
ALTERATION OF BOUNDARIES.**

Administrator's Notice 269, dated 21st February, 1973, is hereby corrected by the substitution in Schedule B, in the thirty-fifth line, for the words "north westwards" of the word "north-eastwards".

PB. 3-2-3-93 Vol. 2

Administrateurskennisgewing 535

28 Maart 1973

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING
VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE:
VERANDERING VAN REGSGEBIED.

Proklamasie 36 (Administrateurs-) van 21 Februarie 1973, word hierby as volg verbeter:—

1. Deur in Bylae A, in die dertigste reël, die uitdrukking "Stukgrond 382-JR, Swartkop 383-JR en Zwartkop 356-JR" na die uitdrukking "Olievenhoutbosch 389-JR" in te voeg.

2. Deur in Bylae A, in die vyftiende reël in die Engelse teks, die woord "and" na die letters "CD" in te voeg.

PB. 3-2-3-93 Vol. 2

Administrateurskennisgewing 536

28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT WESTONARIA: WYSIGING VAN
ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Westonaria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 491 van 1 Julie 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief Van Gelde onder Bylae 3 soos volg te wysig:—

1. Deur na item 2(2) die volgende in te voeg:—

"(3) Spesiale tarief vir huishoudelike gebruik wat voorsiening maak vir buite-spitsureverbruik:—

- (a) Alle eenhede verbruik: 0,5c per eenheid; plus
- (b) 'n Aanvraagtarief van R2 per kW, wat van toepassing is alleenlik gedurende die ure 6.00 vm. tot 9.00 nm. daaglik.

2. Deur paragraaf (a) van item 11(2) deur die volgende te vervang en paragraaf (b) te hernoem (c):—

"(a) Die applikant of groep applikante moet —

(i) 'n nie-verhaalbare kontantbydrae maak gelykstaande aan 15% van die beraamde kapitaalkoste van die nuwe aanleg;

(ii) 'n waarborg vir 'n minimum maandelikse kragverbruik vir 'n minimum tydperk van 12 maande gelykstaande aan 1/12 van 25% van die beraamde kapitaalkoste van die nuwe aanleg.

(b) Die Raad behou hom die reg voor om die toevoer van krag te staak en al sy hoofgeleidings en toerusting te verwyder indien 'n verbruiker vir 'n tydperk van meer as drie maande agterstallig is met betaling van sy rekening of vir 'n tydperk van meer as drie maande nie krag verbruik het nie."

3. Deur na item 11(2) die volgende by te voeg:—

"(3) Huishoudelike verbruikers kan aansoek doen om —

- (a) groter toevoer as die standaard 35 ampère enkelpoolstroombrekers d.i. vir 50, 60, 70, 80 of 90 ampère of veelvoute hiervan;

Administrator's Notice 535

28 March, 1973

CORRECTION NOTICE.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT
OF PERI-URBAN AREAS: ALTERATION OF
AREA OF JURISDICTION.

Proclamation 36 (Administrator's) dated 21st February, 1973, is hereby corrected as follows:—

1. By the insertion in Schedule A, in the thirtieth line in the Afrikaans text, of the expression "Stukgrond 382-JR, Swartkop 383-JR and Zwartkop 356-JR" after the expression "Olievenhoutbosch 389-JR".

2. By the insertion in Schedule A, in the fifteenth line, of the word "and" after the letters "CD".

PB. 3-2-3-93 Vol. 2

Administrator's Notice 536

28 March, 1973

WESTONARIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO
ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Westonaria Municipality, published under Administrator's Notice 491, dated 1 July 1953, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff Of Charges under Schedule 3 as follows:—

1. By the insertion after item 2(2) of the following:—

"(3) Special tariff for domestic use providing for off-peak consumption:—

- (a) All units consumed: 0,5c per unit; plus
- (b) A demand tariff of R2 per kW, which shall be applicable only during the hours 6.00 a.m. to 9.00 p.m. daily."

2. By the substitution for paragraph (a) of item 10(2) of the following and the renumbering of paragraph (b) to (c):—

"(a) The applicant or group of applicants shall —

(i) make a non-recoverable cash contribution equal to 15% of the estimated capital cost of the new scheme;

(ii) provide a guarantee for a minimum monthly power consumption for a minimum period of twelve months equal to 1/12 of 25% of the estimated capital cost of the new scheme.

(b) The Council reserves the right to cease the power supply and remove all its mains and equipment, should a consumer be in arrears with payment of his account for a period of more than three months or should a consumer cease to use power for a period of more than three months."

3. By the addition after item 11(2) of the following:—

"(3) Domestic consumers can apply for —

- (a) a supply in excess of the standard 35 ampère single pole circuit breaker i.e. for 50, 60, 70, 80 or 90 ampères or multiples thereof;

- (b) veelvoude van enkelpool-stroombrekers kleiner as 35 ampère:

Met dien verstande dat die Raad se hoofgeleiding in die diskresie van die Elektrotegniese Stadsingenieur van voldoende grootte is en onderhewig daaraan dat —

- (i) 'n maandelikse bybetaling bereken volgens die volgende formule gemaak word:—

$$\text{Maandelikse bybetaling} = R \left(\frac{A \times N}{10} \right) - R2,50$$

Waar R = rand

A = grootte in ampère van enkelpolige of een fase van die munisipale hoofstroombreker,

N = aantal pole of fase van munisipale hoofstroombreker;

- (ii) enige verandering van 'n bestaande hoofstroombreker na 'n kleiner hoofstroombreker slegs in April van elke jaar geskied. Vir enige verandering aan die hoofstroombreker moet 'n bedrag van R6 minstens 30 dae voordat die diens verlang word by die Raad gedeponeer word."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie.

PB. 2-4-2-36-38.

Administrateurskennisgewing 537 28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN PUBLIEKE SWEMBADVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Swembad Bywette van die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennisgewing 240 van 16 April 1930, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 1(3) van die tarief van gelde onder artikel 24 die woord "seisoen" deur die woorde "sessie van een uur" te vervang.

PB. 2-4-2-91-9

Administrateurskennisgewing 538 28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT BLOEMHOF: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Bloemhof, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 5 van Hoofstuk 1 van Deel IV te hernoem 5(1) en na subartikel (1) die volgende in te voeg:—

- (b) multiples of single pole circuit breakers smaller than 35 ampères:

Provided that in the discretion of the Town Electrical Engineer the Council's main be adequate and subject to—

- (i) an additional monthly payment being made according to the following formula:—

$$\text{Additional monthly payment} = R \left(\frac{A \times N}{10} \right) - R2,50$$

Where R = rand

A = size in ampères of single pole main municipal circuit breaker or size in ampères of one phase of multi-pole municipal main circuit breaker

N = number of poles or phases of municipal main;

- (ii) any change of an existing main circuit breaker to a smaller main circuit breaker, takes place only in April of each year. For any change to the main circuit breaker, an amount of R6 shall be deposited with the Council at least 30 days before such service is required."

The provisions in this notice contained shall come into operation on the first day of the month following the date of publication.

PB. 2-4-2-36-38

Administrator's Notice 537. 28 March, 1973

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC SWIMMING BATH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Swimming Bath By-laws of the Brakpan Municipality, published under Administrator's Notice 240, dated 16 April 1930, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 1(3) of the tariff of charges under section 24 for the word "season" of the words "session of one hour".

PB. 2-4-2-91-9

Administrator's Notice 538. 28 March, 1973

BLOEMHOF MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Bloemhof Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, as amended, are hereby further amended by the renumbering of section 5 of Chapter 1 of Part IV to 5(1) and the insertion after subsection (1) of the following:—

"(2) Niemand mag —

- (a) enige afvalmateriaal, klippe, boupuin of ander rommel, afvalyster of motorvoertuie, wat permanent ongeskik is ingevolge artikel 23 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), of dele daarvan op enige perseel wat aan hom behoort of wat hy okkupeer of op enige straat, deurgang, openbare plein of munisipale dorpsgrond stort, op hoop, opberg of hou nie; Met dien verstande dat die Raad, onderworpe aan die voorwaardes wat vir elke afsonderlike geval opgelê mag word, toestemming aan die eienaars van openbare garages, werkswinkels of handelaars in afvalmateriaal kan verleen vir die hou, opberging of aftakeling van enige motorvoertuie of dele daarvan, onbruikbare masjinerie en afvalyster op persele wat deur die Raad goedgekeur is;
- (b) toelaat dat enige perseel wat aan hom behoort of wat hy okkupeer met bosse, onkruid, gras of ander plantegroei, uitgesonderd gekweekte bome, struike, blomme, groente of gras, begroei word nie; en
- (c) toelaat dat enige perseel wat aan hom behoort of wat hy okkupeer of enige omheining op sodanige perseel in 'n onooglike, verwaarloosde of vervalde toestand verval of verkeer nie."

PB. 2-4-2-77-48

Administrateurskennisgewing 539

28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT BELFAST: WYSIGING VAN WATERBYWETTE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Waterbywette van die Munisipaliteit Belfast, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 6 Januarie 1922, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 1 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "R2,50" deur die syfer "R4" te vervang.

PB. 2-4-2-104-47

Administrateurskennisgewing 540

28 Maart 1973

MUNISIPALITEIT FOCHVILLE: BEGRAAFPLAAS-VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

HOOFSTUK 1.

ALGEMEEN.

Woordomskrywing.

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk beteken —

"Bantoe" iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaan;

"(2) No person shall —

- (a) dump, collect, store or keep any scrap material, stones, building or other rubble, scrap iron or motor vehicles permanently unfit in terms of section 23 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), or parts thereof on any premises owned or occupied by him or on any street, thoroughfare, public square or municipal town lands: Provided that the Council may permit public garages, workshops or dealers in scrap materials subject to such conditions as may be imposed in each particular case, to keep, store or dismantle any motor vehicles or parts thereof, disused machinery and scrap iron on premises approved by the Council;
- (b) allow any premises owned or occupied by him to be overgrown with bush, weeds, grass or other vegetation except cultivated trees, shrubs, flowers, vegetables and grass; and
- (c) allow any premises owned or occupied by him or any fencing on such premises to fall into or to remain in an unsightly, neglected or dilapidated state."

PB. 2-4-2-77-48

Administrator's Notice 539

28 March, 1973

BELFAST MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water By-laws of the Belfast Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 6 January 1922, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 1 of the Tariff of Charges under the Schedule for the figure "R2,50" of the figure "R4".

PB. 2-4-2-104-47

Administrator's Notice 540

28 March, 1973

FOCHVILLE MUNICIPALITY: CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

CHAPTER I.

GENERAL.

Definitions.

1. In these by-laws, unless inconsistent with the context —

"adult" means any deceased person over the age of 12 years whose coffin will fit into the grave-opening prescribed for adults in section 18;

"begraafplaas" 'n stuk grond binne die munisipaliteit wat behoorlik deur die raad as 'n publieke begraafplaas aangewys is;

"berm" 'n betonstrook wat die Raad langs 'n ry grafte lê;

"Blanke" iemand wat —

(a) volgens voorkoms klaarblyklik 'n Blanke is en nie gewoonlik vir 'n Nie-Blanke deurgaans nie; of

(b) gewoonlik vir 'n Blanke deurgaans en nie volgens voorkoms klaarblyklik nie 'n Blanke is nie;

maar nie ook iemand wat vir die doeleindes van sy klasifikasie ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, vry en bereidwillig erken dat hy wat sy voorkoms betref 'n Bantoe of 'n Nie-Blanke is nie, tensy daar bewys word dat die erkenning nie op feite gegrond is nie;

"graf" enige stuk grond uitgelê vir 'n enkele graf binne enige begraafplaas waarvoor die uitsluitlike reg om daarin te begrawe gekoop is;

"gedenkwerk" enige grafsteen, afskutting, omheining, monument, gedenkteken, opskrif of ander werk opgerig of gedoen of wat op enige graf opgerig of gedoen kan word;

"Geneeskundige Gesondheidsbeampte" die geneeskundige gesondheidsbeampte van die Munisipaliteit Fochville of sy assistent of assistente;

"inwoner" 'n persoon wat ten tyde van sy dood gewoonweg binne die munisipaliteit woonagtig was of 'n persoon wat vir 'n tydperk van minstens 6 maande voor sy dood die eienaar van vaste eiendom binne die munisipaliteit was: Met dien verstande dat tensy anders bepaal word, dié benaming nie pasiënte van hospitale of inrigtings of ander persone wat tydelik binne die munisipaliteit woonagtig is, insluit nie;

"kind" 'n afgestorwe persoon van die ouderdom van 12 jaar of jonger van wie die doodkissal pas in die grafopening in artikel 18 vir kinders voorgeskryf;

"kontraktant" die persoon wat enige van die gelde voorgeskryf ingevolge Bylae A hierby betaal het of laat betaal het of wat enige van die regte in hierdie verordeninge uiteengesit verkry het, of wat die reg verkry het om enige gedenkteken te laat oprig of bou of wat enige ander regte of belange in hierdie verordeninge vermeld of genoem verkry het;

"munisipaliteit" die gebied of distrik geplaas onder die beheer en regsbevoegdheid van die Raad;

"Nie-Blanke" iemand wat nie 'n Blanke of Bantoe is nie;

"opsigter" die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van opsigter of superintendent van 'n begraafplaas beklee of wat in sodanige hoedanigheid in diens van die Raad optree;

"perseel" 'n stuk grond wat vir twee of meer grafte aangelê is en ten opsigte waarvan die reg om te begrawe ingevolge hierdie of enige vorige verordeninge verkry of gereserveer is;

"persoon" 'n persoon, uitgesonderd 'n beampte van die Raad wat in die loop van en binne die bestek van sy pligte by 'n begraafplaas optree;

"Raad" die Stadsraad van Fochville en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur

"Bantu" means a person who in fact is, or is generally accepted as, a member of any aboriginal race or tribe of Africa;

"berm" means a concrete strip laid by the Council along a row of graves;

"caretaker" means the person from time to time holding the position of caretaker or superintendent of any cemetery or acting in such capacity in the service of the Council;

"cemetery" means any piece of ground duly set apart by the Council within the municipality as a public cemetery;

"child" means any deceased person of the age of 12 years or under whose coffin will fit into the grave-opening prescribed for children in section 18;

"contractor" means the person who has paid or caused to be paid any of the tariffs prescribed in terms of Schedule A hereto, or who has obtained any of the rights set out in these by-laws or who has obtained the right to have any memorial work erected or constructed or who has obtained any other rights or interests referred to or mentioned in these by-laws;

"Council" means the Town Council of Fochville and includes the management committee of that council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance, 40 of 1960);

"grave" means any grave in a cemetery in respect of which any person has obtained the right of having a single body interred therein;

"Medical Officer of Health" means the medical officer of health of the Fochville Municipality or his assistant or assistants;

"memorial work" means any tombstone, railing, fence, monument, memorial inscriptions or other work erected or done or which may be erected or done on any grave;

"municipality" means the area or district placed under the control and jurisdiction of the Council;

"Non-White" means any person other than a White or Bantu;

"person" means any person, excluding an officer of the Council acting in the course and within the scope of his duties in a cemetery;

"plot" means any piece of ground laid out for two or more graves and in respect of which the right to inter in has been obtained or reserved in terms of these or any previous by-laws;

"Registrar of Deaths" means any person appointed by the Government to register deaths;

"resident" means a person who, at the time of death, was ordinarily resident within the municipality or any person who had been the owner of fixed property within the municipality for a period of at least six months prior to death: Provided that unless otherwise qualified, the term does not include inmates of hospitals, institutions, or other persons temporarily resident within the municipality;

die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960) aan hom gedelegeer is.

“Registrateur van Sterfgevalle” ’n persoon wat deur die Regering aangestel is om sterfgevalle te registreer;

“volwassene” ’n afgestorwe persoon bo die ouderdom van 12 jaar van wie die doodkis sal pas in die grafopening in artikel 18 vir volwassenes voorgeskryf.

Aanlê van Begraafplase.

2.(1) Die Raad kan van tyd tot tyd enige grond vir die doel van ’n begraafplaas afsonder en niemand mag ’n lyk op enige ander plek in die munisipaliteit begrawe of laat begrawe nie.

(2) Die Raad kan enige begraafplaas of gedeelte daarvan afsonder en bepaal dat slegs mense wat tot ’n bepaalde ras, sekte of kerkgenootskap behoort, daar begrawe mag word.

(3) Die Raad kan enige stuk grond wat ingevolge die bepalings van subartikel (2) afgesonder is of die teraardebestellings wat daarin plaasvind, na goeë dunde, van die vereistes van enige bepaling van hierdie verordeninge vrystel.

Toegangsure vir Besoekers.

3.(1) Elke begraafplaas word aan die publiek oopgestel gedurende die volgende ure:—

Weeksdae van 7 vm. tot 5 nm.

Sondae van 8 vm. tot 6 nm.: Met dien verstande dat die Raad die bevoegdheid het om, indien dit na sy mening in die openbare belang is, enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir sodanige tydperke as wat die Raad goeëvind vir die publiek te sluit.

(2) Niemand mag in ’n begraafplaas of gedeelte daarvan wees of aanbly nie voor of na die ure genoem in subartikel (1) of gedurende enige tydperk wanneer dit vir die publiek gesluit is.

Kinders.

4. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag ’n begraafplaas binnegaan nie tensy sodanige persoon onder die sorg van ’n verantwoordelike volwasse persoon is.

Op Paadjies Bly.

5. Uitgesonderd vir doeleindes wat by hierdie verordeninge bepaal word moet alle persone alleenlik die paaie, wandelpaadjies en grafpaadjies wat in die begraafplaas verskaf word, gebruik.

Bantoes en Nie-Blankes.

6. Geen Bantoe of Nie-Blanke mag sonder die toestemming van die opsigter die afdeling vir blankes in ’n begraafplaas binnegaan of daarin wees nie.

In- en Uitgange van die Begraafplaas.

7. Niemand mag ’n begraafplaas binnegaan of verlaat nie uitgesonderd deur die hekke wat vir daardie doel verskaf is en niemand mag ’n kantoor of afgekampte plek in ’n begraafplaas binnegaan nie uitgesonderd in verband met wettige besigheid.

“White” means any person who —

- (a) in appearance obviously is a White person and who is not generally accepted as a Non-White person; or
- (b) is generally accepted as a white person and is not in appearance obviously not a white person;

but does not include a person who, for the purpose of his classification in terms of the Population Registration Act, 1950, freely and willingly admits that he is a Bantu or Non-White in appearance unless it is proved that the admission is not based on fact.

Establishment of Cemeteries.

2.(1) The Council may from time to time set apart any ground for the purposes of a cemetery and no person shall inter or cause anybody to be interred in any other place in the municipality.

(2) The Council may reserve any cemetery or part of any cemetery for the burial only of persons of a particular race, sect or religious denomination.

(3) The Council may at its discretion exempt from the requirements of any provision of these by-laws any area of ground reserved in terms of subsection (2) or the burials taking place therein.

Hours of Admission for Visitors.

3.(1) Every cemetery shall be open to the public during the following hours:—

Weekdays from 7 a.m. to 5 p.m.

Sundays from 8 a.m. to 6 p.m.: Provided that the Council shall have the power to close to the public any cemetery or part thereof for such period as it may deem fit if it is, at the discretion of the Council, in the interest of the public

(2) No person shall be or remain in any cemetery or part thereof before or after the hours mentioned in subsection (1) or during any period when it is closed to the public.

Children.

4. No person under the age of 12 years may enter any cemetery unless such person is under the care of a responsible adult person.

Keeping to Paths.

5. Except for purposes permitted by these by-laws, all persons shall use only the roads, walks and turfed paths provided in the cemetery.

Bantu and Non-White.

6. No Bantu or Non-White person shall enter or be in the section for Whites of any cemetery without the permission of the caretaker.

Entrances and Exits of Cemeteries.

7. No person shall enter or leave any cemetery except by the gates provided for that purpose, and no person shall enter any office or fenced place in a cemetery except in connection with lawful business.

Niemand mag Traktate of Advertensies uitdeel nie.

8. Niemand mag enige besigheid, bestelling of uitstalling werf of traktate, besigheidskaarte of advertensies binne 'n begraafplaas uitdeel of dit laat doen nie en niemand mag 'n pad, wandelpad of graspaadjie deur die begraafplaas gebruik vir die vervoer van goedere, pakkies of ander materiaal nie, uitgesonderd wanneer dit bestem is vir gebruik in sodanige begraafplaas.

Sit of Klim op Gedenktekens Verbode.

9.(1) Niemand mag op of oor 'n gedenkteken, hek, muur, omheining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of klim nie;

(2) Iedereen wat op 'n graf sit of staan of daaroor loop, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 (honderd rand) of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Verbode Optrede Binne Begraafplaas.

10. Niemand mag —

- (a) binne enige begraafplaas tot oorlas wees nie;
- (b) 'n dier of fiets binne die begraafplaas ry nie;
- (c) 'n hond, kat, hoender, of ander dier of voël in 'n begraafplaas bring of toelaat dat dit daarin rondwaal nie. Enige hond, kat, hoender of ander dier wat in 'n begraafplaas aangetref word, kan deur die Raad vankant gemaak word sonder om enige vergoeding aan die eienaar daarvan te betaal;
- (d) 'n plant, struik of blom sonder die toestemming van die opsigter plant, afsny, pluk of verwyder nie;
- (e) 'n betoog binne 'n begraafplaas hou of daaraan deel neem nie;
- (f) enige beampte, werksman of arbeider in diens van die Raad in 'n begraafplaas in die vervulling van sy pligte steur nie;
- (g) die opsigter in die vervulling van sy pligte hinder, weerstaan of teengaan nie of weier om aan enige bevel of versoek waartoe die opsigter kragtens hierdie verordeninge geregtig is, te voldoen nie;
- (h) 'n begraafplaas vir enige onsedelike doel gebruik of laat gebruik nie;
- (i) 'n muur, gebou, omheining, hek, gedenkteken of ander oprigting in 'n begraafplaas merk, daarop teken, dit bekrap of advertensies of ander voorwerpe daarop aanbring, of dit op watter wyse ook al skend nie.

Diverse.

11.(1) Niemand mag 'n lyk op enige ander wyse wegdoen nie as om dit te begrawe in 'n begraafplaas of te laat veras in 'n krematorium goedgekeur ingevolge die bepalinge van die Krematoriumordonnansie, 1965.

(2) Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter 'n lyk binne 'n begraafplaas begrawe of laat begrawe nie. Sodanige toestemming word slegs verleen indien 'n skriftelike bevel wat deur die Registrateur van Sterfgevallen onderteken is, waarby ter aarde bestelling gemagtig word, tesame met die kennisgewing van ter aarde bestelling aan die opsigter vertoon word. In alle gevalle waar 'n lykskouing gehou is moet 'n landdrosas-brief ook aan die opsigter getoon word.

No Person shall Distribute Tracts or Advertisements.

8. No person shall solicit any business, order or exhibit, distribute or leave any tracts, business cards or advertisements within any cemetery or shall use any cemetery road, walk or turfed path for the conveyance of any goods, parcels or other material except when intended for use in such cemetery.

Sitting or Climbing on Memorial Works Prohibited.

9.(1) No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work, gate, wall, fence or building in any cemetery.

(2) Any person who sits, stands or walks on or over any grave shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 (one hundred rand) or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

Prohibited Actions Within Cemeteries.

10. No person shall —

- (a) Commit any nuisance within any cemetery;
- (b) ride any animal or cycle within any cemetery;
- (c) bring or allow any dog, cat, fowl or other animal or bird to wander inside any cemetery. Any dog, cat or fowl or other animal found in any cemetery may be destroyed by the Council without any compensation being payable to the owner thereof;
- (d) plant, cut, pick or remove any plant, shrub, or flower without the permission of the caretaker;
- (e) hold or take part in any demonstration in any cemetery;
- (f) interrupt during the performance of his duties any officer, workman, or labourer employed by the Council in any cemetery;
- (g) obstruct, resist, or oppose the caretaker in the course of his duty or refuse to comply with any order or request which the caretaker is entitled to make in terms of these by-laws;
- (h) use or cause any cemetery to be used for any immoral purpose;
- (i) mark, draw, scribble, erect advertisements or objects on any wall, building, fence gate, memorial work or other erection within any cemetery or in any other way deface them.

Miscellaneous.

11.(1) No person shall dispose of a body in any other manner than by interring it in a cemetery or having it cremated in a crematorium approved in terms of the provisions of the Crematorium Ordinance, 1965.

(2) No person shall inter or cause any body to be interred within any cemetery without the permission of the caretaker. Such permission shall only be granted on submission to the caretaker of a written order signed by the Registrar of Deaths, authorising interment, together with notice of such interment. In all cases where a post mortem has been held, the order of the magistrate shall also be submitted to the caretaker.

(3) Die Raad kan op aanvraag 'n lyk kosteloos ter aarde bestel in sodanige graf as wat hy goed ag en op sodanige wyse as wat die Raad se verantwoordelikheid kragtens die bepalings van enige ander wet is.

12. Iedereen wat 'n klagte wil indien moet sodanige klagte skriftelik aan die Stadsklerk stuur.

13. Die gelde uiteengesit in Bylae A hierby, moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskillende items wat daarin vervat is en binne die tydperke hierna vermeld.

14. Niemand mag 'n reg of belang by enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie, uitgesonderd sodanige regte of belange as wat ingevolge hierdie verordeninge verkry kan word.

15. Enige skriftelike toestemming, kennisgewing of ander lasgewing ingevolge hierdie verordeninge deur die Raad uitgereik, word onderteken deur die Stadsklerk of sy gemagtigde plaasvervanger en is *prima facie* bewys daarvan.

HOOFSTUK II.

TERAARDEBESTELLINGS.

Aansoek om, en Koop van Gebruik van Graf.

16.(1) Iemand wat 'n lyk in 'n graf wil laat begrawe moet 'n skriftelike aansoek daarom in die vorm wat in Bylae B hierby uiteengesit word, aan die opsigter voorlê, en so 'n aansoekvorm moet onderteken word deur die naaste oorlewende verwant van die oorledene wie se lyk in die graf begrawe sal word of deur iemand anders wat deur dié naaste oorlewende verwant gemagtig is om dit namens hom te onderteken. Met dien verstande dat die opsigter 'n aansoek na goeddunke kan toestaan as die vorm deur enige ander belanghebbende persoon onderteken is, mits hy daarvan oortuig is dat die handtekening van die naaste oorlewende verwant nie betyds bekombaar is nie.

(2) Die Raad kan teen betaling van die toepaslike gelde wat ingevolge Bylae A hierby voorgeskryf word, die gebruik van enige graf in 'n afdeling van die begraafplaas wat vir die ter aarde bestelling van Blankes afgesonderd is, aan enigiemand verkoop.

(3) Daar mag, tensy die Raad toestemming daartoe verleen, nie meer as 2 teraardebestellings in 'n graf plaasvind nie.

Verandering van Datum van Teraardebestellings.

17. Indien enige verandering gemaak word in die reeds vasgestelde dag of uur van die teraardebestelling, moet kennis van sodanige verandering aan die opsigter by die begraafplaas gegee word minstens ses uur voor die tyd wat vir sodanige teraardebestelling vasgestel is.

Afmetings van Grafte en Grafopenings.

18.(1) Die standaardmate van 'n graf vir 'n volwassene is 2,50 m by 1,50 m en dié van 'n kindergraf is 1,50 m by 1 m.

(2) Die standaardmate van die opening van 'n graf vir 'n volwassene is 2,20 m lank en 1,05 m wyd by die skouers, en dié van 'n kindergraf 1,20 m lank en 550 mm wyd by die skouers.

(3) The Council may upon request inter any dead body free of charge in such grave and manner as is the responsibility of the Council in terms of the provisions of any other law.

12. Any person wishing to lodge a complaint shall lodge such complaint in writing with the Town Clerk.

13. The charges set forth in Schedule A hereto, in respect of the various items therein contained, shall be paid to the Council within the periods stated hereinafter.

14. No person shall acquire any right to or interest in any ground or grave in any cemetery, other than such rights or interests as may be obtainable in terms of these by-laws.

15. Any written consent, notice or other order issued by the Council in terms of these by-laws, shall be signed by the Town Clerk or his authorised deputy and shall be *prima facie* evidence thereof.

CHAPTER II.

INTERMENTS.

Application for and Purchase of the Use of a Grave.

16.(1) Any person desiring to have a body interred in a grave shall submit to the caretaker an application, in writing, in the form set out in Schedule B hereto, and such application shall be signed by the nearest surviving relative of the person whose body will be buried in the grave or such other person as the nearest surviving relative may authorise to sign the application on his behalf. Provided that if the caretaker is satisfied that the signature of the nearest surviving relative cannot be obtained timeously, he may at his discretion grant an application signed by any other interested person.

(2) The Council may on payment of the applicable fees prescribed in terms of Schedule A hereto, sell to any person the use of any grave in a section of a cemetery reserved for the burial of Whites.

(3) No more than two interments may be made in any grave, except with the permission of the Council.

Alteration of Date of Interment.

17. Should any alteration be made in the day or hour previously fixed for an interment, notice of such alteration shall be given to the caretaker at the cemetery at least six hours before the time fixed for such interment.

Dimensions of Graves and Grave Apertures.

18.(1) The standard dimensions of an adult's grave shall be 2,50 m by 1,50 m and a child's 1,50 m by 1,00 m.

(2) The standard dimensions of the aperture of an adult's grave shall be 2,20 m in length and 1,05 m in width at the shoulders and of a child's grave 1,20 m in length and 550 mm in width at the shoulders.

(3) Iemand wat vir die teraardebestelling van 'n volwassene 'n graf wil hê waarvan die opening, die standaardgrootte oorskry, moet, wanneer hy kennis van die teraardebestelling gee, die mate van die doodkis, met inbegrip van die beslag, opgee, en die gelde vir die groter maak van 'n grafopening wat in Bylae A hierby voorgeskryf word, betaal.

Reservering van Grafte.

19.(1) Iedereen het die reg om, teen betaling van die gelde in Bylae A hierby voorgeskryf, een of meer grafte vir toekomstige gebruik te reserveer.

(2) Iedereen wat die gebruik van 'n graf wil reserveer moet by die opsigter aansoek doen.

20.(1) Niemand mag 'n reg op 'n graf wat hy ingevolge hierdie verordeninge verkry het of kan verkry, sonder die skriftelike toestemming van die Raad aan iemand anders verkoop of oordra nie; Met dien verstande dat elke oordrag van die regte op 'n gereserveerde graf deur die opsigter geregistreer, en die registrasiegeld in Bylae A hierby vermeld deur die nuwe kontraktant aan die stadstesourier betaal moet word.

(2) Iedereen wat 'n graf gereserveer het en nie binne 'n tydperk van 50 jaar vanaf die datum van reservering sodanige graf gebruik nie of nalaat om die Raad in kennis te stel dat hy nie voornemens is om sodanige graf te gebruik nie, gee die Raad sodoende die reg om die graf aan enige ander persoon te verkoop; Met dien verstande dat die toepaslike gelde ingevolge Bylae A hierby gevorder word ten opsigte van 'n graf wat aldus verkoop is.

(3) Die Raad is nie verplig om 'n terugbetaling te maak nie van enige gelde wat betaal is ten opsigte van 'n graf wat ingevolge subartikel (2) verkoop is.

Wanneer 'n Kind se Doodkis te Groot is.

21. As 'n kind se doodkis te groot is vir die afmetings van 'n kindergraf, word die doodkis in 'n graf vir 'n volwassene begrawe en die gewone gelde vir die teraardebestelling van 'n volwassene moet betaal word deur die persoon wat kennis van die begraving gegee het.

Diepte van 'n Graf.

22. Geen graf vir 'n volwassene mag minder as 2 m en geen graf vir 'n kind mag minder as 1,80 m diep wees nie.

Bedekking van Grond.

23. Daar moet minstens 1 m grond tussen die doodkis van 'n volwassene en die grondoppervlakte en minstens 1 m grond tussen 'n kind se doodkis en die oppervlakte wees.

Doodkiste in Grafte.

24. Niemand mag 'n doodkis wat van enige ander materiaal as sagte hout of ander bederfbare materiaal gemaak is, in 'n graf plaas of laat plaas nie.

(3) Any person requiring for an interment in an adult's grave an aperture of a size larger than the standard dimensions shall, when giving notice of interment, specify the measurements of the coffin, including fittings, and pay the charges prescribed in Schedule A hereto for enlarging the aperture.

Reserving of Graves.

(1) Any person shall have the right, on payment of the charges prescribed in Schedule A hereto, to reserve one or more graves for future use.

(2) Any person desiring to reserve the use of a grave, shall apply to the caretaker.

20.(1) No person shall, without the written consent of the Council, sell or transfer to any other person any right relating to a grave which he has obtained or may obtain in terms of these by-laws: Provided that every transfer of the rights to a reserved grave shall be registered by the caretaker and the registration fee mentioned in Schedule A hereto, paid to the Town Treasurer by the new contractor.

(2) Any person having reserved a grave and failing to use such grave within a period of 50 years from the date of reservation or omitting to notify the Council that he does not intend to use such grave, thus gives the Council the right to sell such grave to any other person: Provided that the applicable charges in terms of Schedule A hereto shall be payable in respect of a grave so sold.

(3) The Council shall not be obliged to make a refund of any charges paid in respect of a grave sold in terms of subsection (2).

When a Child's Coffin is too Large.

21. Should a child's coffin be too large for the dimensions of a child's grave, it shall be placed in an adult's grave and the usual charges for an adult's interment shall be paid by the person giving notice of interment.

Depth of Grave.

22. No adult's grave shall be less than 2 m and no child's grave shall be less than 1,80 m in depth.

Covering of Earth.

23. There shall be at least 1 m of earth between any adult's coffin and the surface of the ground and at least 1 m of earth between a child's coffin and the surface of the ground.

Coffins in Graves.

24. No person shall place or cause any coffin constructed from any material other than soft wood or other perishable material to be placed in any grave.

Aantal Lyke in Een Graf.

25.(1) In geen geval mag die lyke van meer as een volwassene of twee kinders gelyktydig in dieselfde graf begrawe word nie;

(2) Iedereen wat aansoek doen om 'n tweede teraardebestelling in dieselfde graf mag dit alleenlik na afloop van 'n tydperk van twee jaar vanaf datum van die eerste teraardebestelling doen: Met dien verstande dat indien die eerste teraardebestelling 'n geval van 'n aansteeklike siekte was, die tydperk dan met 'n verdere ses maande verleng word, te wete twee en 'n half jaar.

Doodkis moet met Grond Bedek word.

26. Elke doodkis of lyk moet, sodra dit in 'n graf geplaas is, sonder verwyl met minstens 300 mm grond bedek word.

Versteuring van Menslike Oorskot.

27. Onderworpe aan die bepalings van die opgrawingsbevel ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959, (Wet 58 van 1959), of artikel 34 van die Volksgezondheidswet, 1919, of enige ander bepaling van enige wet insake die opgraving van lyke, mag niemand enige stoflike oorskot of enige grond wat dit begrens in 'n begraafplaas versteur nie.

HOOFTSTUK III.

BEGRAFNISSE.

Godsdiensoefeninge.

28.(1) Die lede van enige godsdienstige genootskap kan godsdiensoefeninge hou in verband met enige teraardebestelling of herdenkingsdiens onderworpe aan die beheer en verordeninge van die Raad.

(2) Niemand mag 'n godsdiensoefening hou volgens die gebruike van enige genootskap in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas as wat deur die Raad afgesonder is vir lede van ander genootskappe nie.

Lykwaens by 'n Begraafplaas.

29. 'n Lykwa wat deur meer as twee diere getrek word, mag nie 'n begraafplaas binnegaan nie.

Ontbloting van Lyke.

30. Niemand mag 'n lyk wat onbedek is vervoer of sodanige lyk of deel daarvan deur 'n straat, begraafplaas of publieke plek ontbloot nie.

Opdragte van Opsigter.

31. Iedereen wat deelneem aan 'n begrafnisstoet of plegtigheid in die begraafplaas moet behoorlik in gelid volg en moet sy voertuig op sodanige plek parkeer as wat deur die opsigter aangewys word.

Musiek Binne Begraafplaas.

32. Geen musiek mag binne 'n begraafplaas gespeel word nie behalwe in die geval van Staats-, Polisie-, of Militêre begrafnisse.

Begravnisse wat deur Groot Getalle Persone bygewoon word.

33. Wanneer die waarskynlikheid bestaan dat 'n buitengewone groot aantal persone by enige begrafnis teenwoordig sal wees, moet die persoon wat van sodanige begrafnis kennis gee die opsigte die dag tevore daarvan in kennis stel.

Number of Bodies in One Grave.

25.(1) In no case shall the bodies of more than one adult or two children be buried within any grave at the same time.

(2) Any person wishing to apply for a second interment in the same grave, may do so only after the elapse of a period of two years from the date of the first interment: Provided that if the first interment had been a case of an infectious disease, the period shall be extended by an additional six months, namely to two and a half years.

Coffin shall be Covered with Earth.

26. Every body or coffin shall, upon being placed in any grave, be covered at once with at least 300 mm of earth.

Disturbance of Human Remains.

27. Subject to the provisions of the exhumation order given in terms of the Inquests Act, 1959 (Act 58 of 1959), or section 34 of the Public Health Act, 1919, or any other provision of any act relating to the exhumation of bodies, no person shall disturb any mortal remains or any ground surrounding it in any cemetery.

CHAPTER III.

FUNERALS.

Religious Ceremonies.

28.(1) The members of any religious denomination may conduct religious ceremonies in connection with any interment or memorial service subject to the control and by-laws of the Council.

(2) No person shall conduct any religious ceremony according to the rites of any denomination in such portions of any cemetery as may be reserved by the Council for members of other denominations.

Hearses at a Cemetery.

29. A hearse drawn by more than two animals shall not enter a cemetery.

Exposure of Bodies.

30. No person shall convey a dead body which is not covered or expose any such body or part thereof in any street, cemetery of public place.

Instructions of Caretaker.

31. Every person taking part in any funeral procession or ceremony shall follow properly in file and shall park his vehicle in such place as is indicated by the caretaker.

Music inside Cemetery.

32. No music shall be made in any cemetery except in the case of State, Police or Military funerals.

Interments attended by Large Numbers of People.

33. In every case where it is probable that an unusually large number of persons will be present at any interment, the person giving notice of such interment shall notify the fact to the caretaker the day before the funeral.

Besetting van Kapel of Beskutting.

34. Niemand mag 'n kapel of beskutting in 'n begraafplaas vir die doel van 'n begrafnis langer as 30 minute beset nie.

Ure vir Teraardebestelling.

35. Geen teraardebestelling mag voor 9 vm. of na 4 nm. op enige dag gehou word nie.

Nommers van Grafte.

36. Niemand mag 'n pen op 'n graf vassit wat nie behoorlik ingevolge hierdie verordeninge toegewys is nie en niemand mag 'n lyk in 'n graf begrawe waar daar nie 'n pen waarop die nommer van 'n graf gemerk is, wettig vasgesit is nie.

HOOFSTUK IV.

OPGRAWING VAN LYKE EN HEROPENING VAN GRAFTE.

Opgrawings.

37. Onderworpe aan die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggame en Grafte Ordonnansie, 1925 (Ordonnansie 7 van 1925), soos gewysig, en van enige ander bepalings van die Wet oor dieselfde onderwerp mag geen graf sonder die skriftelike toestemming van die Raad oopgemaak word nie.

38. Behoudens die bepalings van artikels 27 en 37 mag niemand 'n lyk sonder die skriftelike toestemming van die Raad en die Geneeskundige Gesondheidsbeampte opgrawe of laat opgrawe of verwyder nie en die gelde vir opgrawing vermeld in Bylae A hierby moet in elke geval betaal word voordat die opgrawing plaasvind. Sodanige toestemming moet minstens twee dae voor die voorgestelde datum van die opgrawing van so 'n lyk by die opsigter ingedien word.

Tyd van Opgrawing.

39. Niemand mag 'n lyk opgrawe of laat opgrawe gedurende die tyd wat die begraafplaas vir die publiek oop is nie.

Verberging van Werksaamhede.

40. Die graf waaruit 'n lyk verwyder moet word, moet doeltreffend aan die gesig onttrek wees tydens die opgrawing.

Geneeskundige Gesondheidsbeampte moet Teenwoordig wees.

41. Geen opgrawing of verwydering mag deur enige persoon gedoen word nie tensy die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of sy gemagtigde verteenwoordiger aanwesig is.

Verwydering van Liggaam van een Graf na 'n ander deur die Raad.

42. Indien die verplasing van 'n lyk te enige tyd deur die Raad wenslik geag word, of indien enige bepaling van hierdie verordeninge oortree is, wanneer 'n lyk in 'n graf begrawe is, kan die Raad sodanige lyk na 'n ander graf laat verwyder nadat die bepalings van Ordonnansie 7 van 1925 nagekom is, en enige naasbestaandes van sodanige afgestorwe persoon wat binne die munisipaliteit woon, moet, indien moontlik, daarvan in kennis gestel word.

Occupation of Chapel or Shelter.

34. No person shall for the purpose of a funeral occupy any chapel or shelter in a cemetery for more than 30 minutes.

Hours for Interments.

35. No interment shall be held before 9 a.m. or after 4 p.m. on any day.

Number of Graves.

36. No person shall fix a peg on any grave not properly allocated in terms of these by-laws and no person shall inter a body in any grave on which a peg marked with the number of the grave, has not been lawfully fixed.

CHAPTER IV.

EXHUMATION OF BODIES AND RE-OPENING OF GRAVES.

Exhumations.

37. Subject to the provisions of the Removal of Graves and Dead Bodies Ordinance, 1925 (Ordinance 7 of 1925), as amended, and to any other provision of the Act on the same subject, no grave may be opened without the written consent of the Council.

38. Subject to the provisions of sections 27 and 37, no person shall exhume or cause any body to be exhumed or removed without the written consent of the Council and the Medical Officer of Health and the charges for exhumation prescribed in Schedule A hereto, shall in every case be paid before the exhumation takes place. Such consent shall be submitted to the caretaker at least two days before the date fixed for the exhumation or removal of such body.

Time of Exhumation.

39. No person shall exhume or cause a body to be exhumed during such time as the cemetery is open to the public.

Screening of Activities.

40. The grave from which any body is to be removed shall be effectively screened from view during the exhumation.

Medical Officer of Health shall be Present.

41. No exhumation or removal by any person shall take place unless the Medical Officer of Health or his authorised representative is present.

Transfer of Body from one Grave to another by the Council.

42. Should the transfer of a body be deemed expedient by the Council at any time or should any provision of these by-laws be contravened during the interment of a body in any grave the Council may, after having complied with the provisions of Ordinance 7 of 1925, remove such body to another grave and, if possible, any relative of such deceased person shall be notified accordingly.

HOOFTUK V.

VERSORGING VAN GRAFTE.

Graf moet Skoon van Onkruid en in Behoorlike Orde gehou word.

43. Die kontraktant ten opsigte van elke graf moet sodanige graf skoon van onkruid en in behoorlike orde hou. As die kontraktant nalaat om dit te doen, kan die raad self die nodige werk vir bovermelde doeleindes doen, of laat doen en die koste daarvan op die kontraktant verhaal.

Struik en Blomme.

44. Iedereen kan met toestemming van die opsigter enige struikgewas, plant of blom op 'n graf plant: Met dien verstande dat geen struikgewas, plant of blom sonder die toestemming van die opsigter deur enige persoon afgesny of weggehaal mag word nie en dat die Raad te eniger tyd enige struikgewas, plant of blom kan snoei, afkap, uitgrawe of verwyder sonder om vergoeding te betaal. Die Raad het die reg om van 'n graf in 'n begraafplaas al die gras, blomme, struikgewasse en groeiende plante wat deur beamptes van die Raad daar geplaat is, te verwyder ingeval instandhoudingsgelde wat ingevolge Bylae A hierby betaalbaar is drie maande of meer as drie maande agterstallig is.

Verorsorging van Grafte.

45. Die Raad onderneem om teen betaling van die gelde genoem in Bylae A hierby enige private graf in orde te hou vir 'n tydperk wat ooreenkom met dié waarvoor betaling geskied het.

HOOFTUK VI.

OPRICHTING EN INSTANDHOUDING VAN GEDENKTEKENS.

Skriftelike Toestemming van Raad.

46. Niemand mag 'n gedenkteken in die begraafplaas bring, oprig, verander, skilder, skoonmaak, opknop, versier, verwyder of hom andersins daarmee bemoei, of 'n grafskrif in 'n begraafplaas insny sonder die skriftelike toestemming van die Raad en van die kontraktant van sodanige graf nie.

Posisie van Gedenkteken.

47. Niemand mag 'n gedenkteken op 'n graf oprig nie, uitgesonderd in sodanige posisie as wat die opsigter aanwys, of soos andersins by hierdie verordeninge bepaal.

Herstel van Gedenktekens.

48. Indien die kontraktant van 'n graf enige gedenkteken in sodanige toestand laat verval dat dit na die mening van die Raad gevaar kan veroorsaak of die begraafplaas ontsier, kan die Raad hom per skriftelike kennisgewing gelas om sodanige reparasies aan te bring as wat die Raad nodig ag, en as die adres van die kontraktant nie by die Raad bekend is nie, kan sodanige kennisgewing in beide amptelike tale gepubliseer word in 'n dagblad wat binne die munisipaliteit gelees word. Ingeval die verlangde reparasie nie binne een maand na die betekening of verskyning van so 'n kennisgewing uitgevoer word nie, kan die Raad dit self uitvoer of die gedenkteken verwyder sonder betaling van enige vergoeding en die koste van sodanige reparasies of verwydering op die kontraktant verhaal.

CHAPTER V

CARE OF GRAVES

Grave shall be Kept Clear of Weeds and in Proper Order.

43. The contractor in respect of any grave shall keep such grave clear of weeds and in proper order. Should the contractor fail to do so, the Council may itself do or cause the necessary work for the abovementioned purposes to be done and recover the cost thereof from the contractor.

Shrubs and Flowers.

44. Any person may, with the permission of the caretaker, plant any shrub or flower on any grave: Provided that no shrub, plant or flower shall be cut or carried away by any person without the consent of the caretaker, and the Council shall have the right to prune, cut down, dig up or remove any shrub, plant or flower at any time without paying compensation. The Council shall have the right to remove all turf, flowers, shrubs and growing plants placed there by employees of the Council from any grave in a cemetery in the event of maintenance charges payable in terms of Schedule A hereto, being in arrear for three months or more.

Care of Graves.

45. The Council undertakes, upon payment of the charges prescribed in Schedule A hereto, to keep any private grave in order for a period corresponding to that which has been paid for.

CHAPTER VI

ERECTION AND MAINTENANCE OF MEMORIAL WORK.

Written Consent of Council.

46. No person shall bring into a cemetery, erect, alter, paint, clean, renovate, decorate, remove or otherwise interfere with any memorial work or cut any inscription thereon in any cemetery without the consent, in writing, of the Council and of the contractor of such grave.

Position of Memorial Work.

47. No person shall erect a memorial on any grave except in such a position as indicated by the caretaker or as otherwise provided for in these by-laws.

Repairs to Memorial Work.

48. If the contractor for a grave allows any memorial work to fall into such a state of disrepair that it may, in the opinion of the Council, cause danger or deface the cemetery, the Council may order him by written notice to effect such repairs as the Council may deem necessary and should the address of the contractor be unknown to the Council, such notice may be published in both official languages in any daily newspaper circulating within the municipality.

Should the required repairs not be carried out within one month of serving such notice or the publication thereof, the Council may itself carry out such repairs or remove the memorial work without paying any compensation and recover the cost of such repairs or removal from the contractor.

Toesig oor Werk.

49. Iedereen wat in 'n begraafplaas aan 'n gedenk- teken werk of dit oprig moet sodanige werk onder toesig en tot voldoening van die opsigter uitvoer.

Beskadiging van Gedenktekens.

50. Die Raad aanvaar in geen geval aanspreeklikheid vir skade wat ter eniger tyd aan 'n gedenkteken aange- rig word en wat nie aan die nalatigheid van die Raad se werknemers te wyte is nie.

Verplasing van Gedenktekens.

51. Die Raad kan te eniger tyd na behoorlike kennis- gewing, die posisie van 'n gedenkteken in 'n begraafplaas verander en die koste in verband daarmee aangegaan op die eienaar van sodanige gedenkteken verhaal: Met dien verstande dat in enige geval waar 'n gedenkteken oorspronklik met die uitdruklike toestemming van die Raad of sy werknemers in 'n sekere posisie geplaas is, enige veranderings aan sodanige posisie ingevolge die bepalings van hierdie artikel op koste van die Raad uitgevoer word.

Inneem van Materiaal in Begraafplaas.

52. Niemand mag enige materiaal in 'n begraafplaas bring vir die doel om daarmee 'n gedenkteken op enige graf op te rig nie, tensy en voordat —

- (a) 'n skets met die essensiële afmetings en syfers van die voorgename gedenkteken daarop en wat die posisie aantoon van die voorgename werk vergesel van 'n spesifikasie van die materiaal wat gebruik sal word, benewens 'n afskrif van enige voorgename grafskrif voorgelê is aan die Raad minstens drie dae voor die dag waarop dit die voorneme is om so- danige materiaal in die begraafplaas te bring;
- (b) alle verskuldige gelde ten opsigte van so 'n graf of perseel behoorlik betaal is; en
- (c) die Raad se skriftelike goedkeuring vir die voor- gestelde werk aan die applikant gegee is.

Opruiming van Gedenktekens deur die Raad.

53. Enige gedenktekens wat geplaas, gebou, verander, versier, geskilder of andersins in die begraafplaas op so 'n wyse behandel word dat enige bepaling van hierdie verordeninge daardeur oortree word, kan na redelike kennisgewing deur die Raad weggeveem word sonder betaling van enige vergoeding.

Vereistes vir Oprigting van Gedenktekens.

54. Iedereen wat 'n gedenkteken oprig, moet aan die volgende vereistes voldoen:—

- (a) Waar 'n gedeelte van die gedenkteken verbind moet word met 'n ander gedeelte moet kramme van koper- of gegalvaniseerde yster, ysterpenne of houtpenne van goedgekeurde dikte en voldoende lengte vir die doel gebruik word. Die gate waarin sodanige kramme, penne of houtpenne moet pas, moet minstens 50 mm diep wees.
- (b) Enige gedeelte van sodanige werk wat op die grond of 'n klip- of ander fondament rus, moet behoorlik haaks gelê en versink word.
- (c) Geen klippe van ongelyke dikte of waarvan daar 'n hoek af is, mag gebruik word nie, tensy aangetoon in die skets voorgelê ingevolge artikel 52(a).

Supervision of Work.

49. Any person engaged upon any work in a cemetery shall effect such work under the supervision and to the satisfaction of the caretaker.

Damaging of Memorial Works.

50. The Council shall in no case accept responsibility for any damage which may at any time occur to any memorial work and which is not due to the negligence of the Council's employees.

Moving of Memorial Works.

51. The Council may, after due notice, at any time change or alter the position of any memorial work in any cemetery and recover the cost thereof from the owner of such memorial work: Provided that in any case where any memorial work has originally been placed in a certain position with the express consent of the Council or its employees, any alteration of such position in terms of the provisions of this section shall be executed at the expense of the Council.

Bringing Material into Cemetery.

52. No person shall bring into the cemetery any material for the purpose of constructing therewith any memorial work on any grave unless and until —

- (a) a sketch with the essential dimensions in figures of the proposed memorial and showing the position of the proposed work, accompanied by a specification of the materials to be used in addition to a copy of any proposed inscription, have been sub- mitted to the Council at least three days prior to the date on which it is intended to bring such materials into the cemetery;
- (b) all charges due in respect of such grave or plot have been duly paid; and
- (c) the Council's written approval of the proposed work has been given to the applicant.

Cleaning-up of Memorial Works by the Council.

53. Any memorial work placed, built, altered, deco- rated, painted or otherwise dealt with in the cemetery in such manner that any provision of these by-laws is contravened thereby, may be removed by the Council after due notice without payment of any compensation.

Requirements for Erection of Memorial Works.

54. Any person erecting any memorial work shall comply with the following requirements:—

- (a) Where any part of any memorial work is to be joined to any other part, copper or galvanised iron cramps, pins or dowels of approved thickness and of sufficient length shall be used for such purposes. The holes into which such cramps, pins or dowels must fit shall be not less than 50 mm deep.
- (b) Any part of such work which rests upon the ground or stone or other foundation shall be squared and bedded.
- (c) No stones of uneven thickness, or having any corner wanting shall be used unless shown on the sketch submitted in terms of section 52(a).

- (d) Die onderkante van alle gedenktekens moet minstens 50 mm laer as die natuurlike oppervlakte van die grond geplaas word.
- (e) Geen randstene mag gebruik word wat meer as 230 mm bokant die oppervlakte van die grond uitsteek of wat meer as 210 mm dik is nie.
- (f) Alle grafstene en randstene moet deeglik van die binnekant af met ronde koper- of gegalvaniseerde ysterpenne vasgesit word.
- (g) Alle grafstene tot op 150 mm dikte moet op 'n goedgekeurde wyse deeglik aan die voetstuk vasgesit word.
- (h) Alle gedenktekens moet eers sover moontlik voltooï word voordat dit in 'n begraafplaas gebring word.
- (i) Geen sagte klip mag vir enige gedenkteken gebruik word nie en gedenktekens mag slegs van marmar of graniet of erkende harde klip gebou of gemaak word.
- (j) Voetstukke van enkel grafte moet uit een soliede stuk bestaan.
- (k) Niemand mag binne die begraafplaas klipwerk, beitel- of ander werk aan 'n gedenkteken verrig wat nie in verband staan met die vassit van sodanige werk nie, uitgesonderd waar sodanige werk uitdruklik ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge toegelaat word.
- (l) Alle gedenktekens moet oor 'n doeltreffende fondament van beton beskik, oorkruis met die grafsteen, en waar nate in die randsteen verskyn moet alle nate met goeie sementdagha gevul word.
- (m) Waar 'n gedenkteken 'n voetstuk op die grondvlak het moet so 'n voetstuk minstens 910 mm wyd by 300 mm by 300 mm wees.
- (n) Alle letters op gedenktekens moet daarin gegraveer word en mag nie bo die oppervlakte van die gedenkteken uitsteek nie.
- (o) Met toestemming van die kontraktant kan die naam van die maker op enige gedenkteken aangebring word: Met dien verstande dat geen adres of ander besonderhede daarby gevoeg word nie.

Vervoer van Gedenktekens.

55. Niemand mag enige klip-, steenwerk of gedenkteken of gedeelte daarvan binne 'n begraafplaas vervoer op 'n voertuig of vragmotor wat nie getrek of gestoot word nie en wat nie voorsien is van wiele met lugbande wat van sodanige aard is dat dit volgens die mening van die Raad nie moontlik die paaie of grond van die begraafplaas sal beskadig nie: Met dien verstande dat geen sodanige voertuig getrek of gestoot mag word in 'n pad wat na die mening van die Raad te smal of op 'n ander wyse vir sodanige voertuig ongeskik is nie.

Voertuie en Gereedskap.

56. Iedereen wat besig is aan werk op 'n graf of perseel moet sodanige voertuie, gereedskap en ander apparaat as wat hy nodig het, verskaf: Met dien verstande dat geen sodanige voertuie, gereedskap of apparaat van so 'n aard mag wees dat dit in stryd met hierdie verordeninge is nie.

- (d) The underside of all memorial work shall be set at least 50 mm below the natural level of the ground.
- (e) No kerbstones shall be used which protrude more than 230 mm above the surface of the ground or are more than 210 mm thick.
- (f) All head and kerbstones shall be properly secured from the inside with round copper or galvanised iron pins.
- (g) All headstones up to 150 mm in thickness shall be securely attached to the base in an approved manner.
- (h) All memorial work shall be completed as far as possible before it is brought into the cemetery.
- (i) No soft stone shall be used for memorial work and memorial work shall be constructed or made of marble or granite or any other proved hard stone.
- (j) In the case of single graves foot kerbs shall consist of one solid piece.
- (k) No person shall do any stone work, chiselling or other work upon any memorial work not connected with the fixing of such memorial work within any cemetery except where such work is expressly permitted by these by-laws.
- (l) All memorial work shall have an adequate concrete foundation traversing the head of the grave and where joints occur in the kerbstone, all joints shall be filled with good cement mortar.
- (m) Where memorial work has a base on ground level such base shall not be less than 910 mm wide by not less than 300 mm by 300 mm.
- (n) All letters of memorial work shall be engraved thereon and shall not protrude above the surface of the memorial work.
- (o) With the consent of the contractor the name of the maker may be affixed to any memorial work: Provided that no address or other particulars shall be added thereto.

Conveying of Memorial Works.

55. No person shall convey a stone, brick or memorial work or any portion thereof within any cemetery upon any vehicle or truck which is not drawn or pushed and furnished with wheels having pneumatic tyres of a kind which, in the opinion of the Council, is not likely to damage the paths or grounds of the cemetery: Provided that no such vehicle shall be drawn or pushed along any path which in the opinion of the Council is too narrow or otherwise unsuitable for such vehicle.

Vehicles and Tools.

56. Every person engaged upon any work upon any grave or plot shall provide such vehicles, tools and other appliances as may be required by him: Provided that no such vehicles, tools or appliances shall be of such a kind as to be inconsistent with these by-laws.

Nakoming van Bepalings van Raad.

57. Iedereen wat werk binne 'n begraafplaas uitvoer moet in alle opsigte aan die bepalings van die Raad voldoen.

Vullis en Beskadiging van Begraafplaas.

58. Niemand mag te eniger tyd vullis, grond, klip of ander puin binne die begraafplaas laat of op enige wyse enige deel van 'n begraafplaas of enigiets daarin beskadig of ontsier nie.

Tye van Inbring van Materiaal en Verrigting van Werk.

59. Niemand mag 'n gedenkteken of materiaal inbring of enige werk behalwe die aftakeling van gedenkstone vir begrafnisdoeleindes, binne 'n begraafplaas verrig nie, uitgesonderd gedurende die volgende ure:—

Maandae tot Vrydae: vanaf 8 vm. tot 5 nm.

Ongunstige Weer.

60. Niemand mag 'n gedenkteken vassit of plaas gedurende ongunstige weer of terwyl die grond in 'n ongeskikte toestand is nie.

Vertoon van Skriftelike Toestemming.

61. Iedereen aan wie werk toevertrou is, of wat op pad werk toe of van werk af binne die begraafplaas is, moet wanneer hy deur die Raad of sy gemagtigde beampte daarom versoek word, 'n skriftelike toestemming wat ingevolge artikel 46 aan hom uitgereik is, vertoon.

HOOFSTUK VII.

MONUMENTAFDELING.

62.(1) Die opsigter moet in elke begraafplaas 'n afdeling wat bekend staan as die Monumentafdeling, en waarop die bepalings van artikel 63 nie van toepassing is nie, afsonder.

(2) Die volgende bepalings is van toepassing op die monumentafdeling wat ooreenkomstig subartikel (1) afgesonderd is:—

- (a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), mag niemand na verloop van 28 dae vanaf die datum van 'n teraardebestelling, 'n reëling, draadwerk, 'n blomstaander of enige ander voorwerp op of om 'n graf aanbring, plaas of laat nie.
- (b) Behoudens die bepalings van paragraaf (c), mag niemand sonder die skriftelike toestemming van die opsigter enige voorwerp in die vorm van 'n ornament of versiering op 'n graf plaas of laat plaas nie.
- (c) Blomme, hetsy natuurlike of kundblomme, en hetsy los of in vase of in kranse kan te eniger tyd op 'n graf geplaas of gelaat word.
- (d) Die Raad kan, mits die geld wat in Bylae A hierby voorgeskryf word, betaal is, onderneem om 'n graf-tuintjie van hoogstens 0,55 m² groot op 'n volwasse se graf en 0,37 m² groot op 'n kind se graf, te maak en dit een jaar lank in stand te hou.

Complying with Council's Requirements.

57. Every person carrying out any work within any cemetery shall in all respects comply with the directions of the Council.

Rubbish and Damage to Cemetery.

58. No person shall at any time leave any rubbish, soil, stone, or other debris within the cemetery or in any way damage or deface any part of any cemetery or anything therein contained.

Times for Bringing in Material and Doing Work.

59. No person shall bring memorial work or material or do any work, except the dismantling of memorial work for burial purposes, within any cemetery except during the following hours:—

Mondays to Fridays: From 8 a.m. to 5 p.m.

Inclement Weather.

60. No person shall fix or place any memorial work during inclement weather or while the soil is in an unsuitable condition.

Production of Written Permission.

61. Any person charged with any work or who is in the cemetery on his way to or from work, shall, upon demand by the Council or its authorised officer, produce the written consent issued to him in terms of section 46.

CHAPTER VII

MONUMENTAL SECTION.

62(1). The caretaker shall set apart in every cemetery a section which will be known as the monumental section to which the provisions of section 63 shall not apply.

(2). The following provisions shall apply to the monumental section set apart in terms of subsection (1):—

- (a) Subject to the provisions of paragraph (b), no person shall after the expiration of 28 days from the date of any interment erect, place or leave upon or round any grave any railing, wirework, flower stand or other object of any kind.
- (b) Subject to the provisions of paragraph (c), no person shall, without the written consent of the caretaker, place or leave on a grave an object in the nature of an ornament or embellishment.
- (c) Flowers, whether natural or artificial, and whether loose or in vases or wreaths, may be placed or left on a grave at any time.
- (d) The Council may, upon payment of the charge prescribed in Schedule A hereto, undertake to garden an area not exceeding 0,55 m² on an adult's grave and 0,37 m² on a child's grave for a period of one year.

- (e) Behoudens die bepalinge van artikel 65 kan gedenkwerk met die skriftelike toestemming van die opsigter op enige graf aangebring word.
- (f) Wanneer daar randstene of 'n plat grafsteen of enige gedenkwerk op 'n graf waarvan die gebruiksreg na die datum van afkondiging van hierdie verordeninge gekoop is, opgerig is en dit gemeet vanaf die koppenent van die graf meer as 800 mm van die graf beslaan, moet die jaarlikse geld vir instandhouding van grafte wat in Bylae A hierby voorgeskryf word, aan die Raad betaal word, en die eerste paalement van sodanige geld moet betaal word voor of op die datum waarop die werk voltooi word, en die daaropvolgende betalings moet jaarliks daarna betaal word.
- (g) Indien die jaarlikse geld vir die instandhouding van grafte meer as 30 dae na die betaaldatum nog nie betaal is nie het die Raad die reg om alle randstene, platgrafstene of ander gedenkwerk waarvan enige gedeelte gemeet vanaf die koppenent van die graf, meer as 800 mm van die graf beslaan, van sodanige graf af te verwyder en om dit so voordelig moontlik van die hand te sit sonder dat die Raad aan enigiemand vergoeding hoef te betaal.
- (h) Niemand mag sonder skriftelike toestemming van die opsigter 'n randsteen op sodanige wyse aanbring dat dit meer as 230 mm bo die grondoppervlakte uitsteek of meer as 210 mm diep is nie.
- (i) Alle randstene moet behoorlik getap word en moet vasgesit word op sodanige wyse dat hulle maklik verwyder kan word sonder om die grafstene of ander gedenkwerk op die graf te beskadig.

ESTETIESE AFDELING.

63. Die volgende bepalinge is van toepassing op 'n afdeling wat nie ingevolge artikel 62 afgesonder is nie en wat bekend staan as die estetiese afdeling:—

(1) Behalwe gedurende die eerste 28 dae na 'n teraardebestelling mag niemand 'n reling, draadwerk, 'n blomstaander, ornament, versiering of enige ander voorwerp, uitgesonderd 'n vaas soos dit hierna genoem word, saam met die blomme en lower wat daarin geplaas word, op of om 'n graf aanbring, plaas of laat nie: Met dien verstande dat daar, gedurende die eerste ses maande na teraardebestelling, te eniger tyd blomme, hetsy natuurlike of kunstblomme, hetsy los, of in kranse, op die berm by die koppenent van die graf of, as daar by die koppenent van die graf nie 'n berm is nie, op enige ander plek op die graf geplaas of gelaat kan word.

(2) Ondanks die bepalinge van subartikel (1), kan die opsigter na verstryking van die ses maande waarna daarin verwys word toelaat dat daar vars blomme en lower gerangskik in kranse of andersins op grafte geplaas word op Kersdag, Nuwejaarsdag en gedenkdae in verband met die oorledene of sodanige ander geleentheid as wat die opsigter goeddink.

(3) Varsblomme en lower wat op 'n graf geplaas word ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van subartikel (1) of met die opsigter se toestemming ingevolge subartikel (2) kan deur hom verwyder word as dit na sy mening verlep geraak het.

- (e) Subject to the provisions of section 65, memorial work may, with the written consent of the caretaker, be erected on any grave.
- (f) Upon the erection on a grave, the use of which was purchased after the date of publication of these by-laws, of kerbs or a slab or any memorial work occupying any part of the grave beyond 800 mm from the end of the grave at the head, an annual grave maintenance charge as prescribed in Schedule A hereto, shall become due and payable to the Council, and the first payment of such charge shall be made on or before the date of completion of the work and subsequent payments shall fall due annually thereafter.
- (g) If any annual grave maintenance charge remains unpaid for more than 30 days after it has become due, the Council shall have the right to remove from such grave all kerbs, slabs or other memorial work of which any part is or extends beyond 800 mm from the end of the grave at the head and to dispose of it to its best advantage without becoming liable to pay compensation to any person.
- (h) Without the written consent of the caretaker no kerbstone shall be laid in such a manner that it shall be 230 mm above the surface of the ground and more than 210 mm deep.
- (i) All kerbstones shall be properly dowelled and shall be so fixed as to permit their easy removal without danger of damaging the headstones or other memorial work on the grave.

AESTHETIC SECTION

63. The following provisions shall be applicable to a section which has not been set apart in terms of section 62 and which is known as the aesthetic section:—

(1) Except during the first 28 days after an interment therein, no person shall erect, place or leave upon or around a grave any railing, wire-work, flower stand, ornament, embellishment or other object of any kind other than a vase as hereinafter mentioned together with such flowers and foliage as may be inserted therein: Provided that during the first six months after an interment flowers, whether natural or artificial and whether loose or in wreaths, may at any time be placed or left on the berm at the head of the grave or where no berm has been provided at the head of the grave, anywhere on the grave.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the caretaker may after the expiration of the period of six months therein referred to, permit the placing of fresh flowers and foliage, whether made up into wreaths or otherwise on Christmas Day, New Year's Day and anniversaries connected with the deceased person or such other occasions as the caretaker may think fit.

(3) Fresh flowers and foliage placed on a grave in terms of the proviso to subsection (1) or with the caretakers consent in terms of subsection (2), may be removed by him when in his opinion they have faded.

64.(1) Die Raad moet by die koppenent in die estetiese afdeling 'n graftuintjie op 'n strook grond 250 mm breed, oor die breedte van elke graf kosteloos aanlê en dit drie jaar lank onderhou. Genoemde tydperk strek vanaf uiters vier maande na die eerste teraardebestelling van 'n lyk in die graf, en die Raad kan die graftuintjie daarna na goeddunke kosteloos instand hou vir solank hy dit goed ag.

(2) Die Raad kan, by betaling van die gelde voorskryf in Bylae A hierby onderneem om vir 'n tydperk van een jaar 'n graftuintjie aan te lê op 'n graf waarop daar nie 'n tuintjie ingevolge subartikel (1) aangelê is nie. 'n Graftuintjie op 'n volwassene se graf is 920 mm by 610 mm groot en op 'n kind se graf 760 mm by 500 mm groot.

(3) Wanneer 'n bestaande ooreenkoms in verband met 'n tuintjie op 'n bestaande graf verval, kan die Raad onderneem om 'n tuintjie wat na goeddunke van die opsigter aangelê word, en wat in die geval van die graf van 'n volwassene hoogstens 0,55 m² en in die geval van 'n kindergraf hoogstens 0,37 m² groot moet wees, te maak en een jaar lank instand te hou.

65.(1) 'n Grafsteen in die estetiese afdeling mag hoogstens 1,05 m bokant die berm of die grondvlak, al na die geval, uitstaan, en mag nie by sy voet verbystek nie.

(2) Die voet van 'n grafsteen mag hoogstens 600 mm by 260 mm groot wees en dit moet so op die berm opgerig word dat die kant wat die naaste aan die graf is, minstens 130 mm van die kant van die berm af is. Met dien verstande dat die voet van 'n grafsteen wat oor twee aangrensende grafte opgerig word, breër as 600 mm kan wees, maar hoogstens 1 200 mm by 260 mm mag wees.

(3) In die estetiese afdeling mag daar geen voorwerp uitgesonderd 'n houër wat die opsigter goedgekeur het of 'n vaas in die holte wat vir dié doel in die berm aangebring is, geplaas word nie, en sodanige vaas of houër moet hoogstens 400 mm hoog wees en mag geen plek by die omtrek van genoemde holte verbystek nie.

(4)(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), mag niemand enige traliwerk, draadwerk, blompot, of enige voorwerp van watter aard ook al op 'n graf plaas nie, uitgesonderd 'n graf wat uitgelê is in die monument-afdeling.

(b) In die estetiese afdeling kan daar vars blomme en lower, gerangskik in kransies of andersins, op enige graf geplaas word, en daar kan op 'n graf, sentraal en onmiddellik voor die kopstuk, 'n blompot geplaas word wat nie op enige punt by sy voetstuk wat nie meer as 260 cm² mag wees nie, oorsteek nie.

(5) Behoudens die bepalings van subartikels (1) en (2), mag 'n grafsteen plek hê vir nie meer as twee vase of ander houers vir blomme en lower nie.

Strafbepalings.

66. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen en iedereen wat in gebreke bly om aan die voorwaardes van enige kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge deur die Raad aan hom beteken is, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 (vyftig rand) en in die geval van 'n voortgesette misdryf met 'n boete van hoogstens R4 (vier rand) per dag vir elke dag waarin die

64(1) The Council shall, without any charge, garden an area of 250 mm wide over the width of each grave at the head in the aesthetic section and shall maintain it for a period of three years. This period shall commence not later than four months after the first interment of a body in the grave, and the Council may thereafter at its discretion continue to garden the area free of charge for as long as it may deem fit.

(2) The Council may, upon payment of the charges prescribed in Schedule A hereto, undertake to garden for a period of one year a grave not gardened in terms of subsection (1). The area to be gardened shall be 920 mm by 610 mm on an adult's grave and 760 mm by 500 mm on a child's grave.

(3) On the expiration of any existing agreement covering the gardening of an existing grave, the Council may undertake to garden thereon an area to be laid out at the discretion of the caretaker and not exceeding 0,55 m² on an adult's grave and 0,37 m² on a child's grave and to maintain such garden for a period of one year.

65(1). A headstone in the aesthetic section shall not exceed 1,05 m above the berm or ground level, as the case may be, or overhang its base.

(2) The dimensions of the base of a headstone shall not exceed 600 mm by 260 mm and the position of the base on a berm shall be such that the edge thereof nearest to the grave shall be at least 130 mm from the edge of the berm: Provided that the base of a headstone erected over two adjoining graves may exceed 600 mm in width but shall not exceed 1 200 mm by 260 mm.

(3) In the aesthetic section no object save a receptacle approved by the caretaker or a vase shall be placed in the socket which shall be provided therefore in the berm, and no such vase or receptacle shall exceed 400 mm in height or overhang the circumference of the said socket at any point.

(4)(a) Subject to the provisions of paragraph (b), no person shall place on a grave elsewhere than in the monumental section any railing, wire-work, flower stand or any object of any kind whatsoever.

(b) In the aesthetic section fresh flowers and foliage, made up in wreaths or otherwise, may be placed on any grave, and on a grave there may be placed centrally and immediately in front of the headstone a vase which shall at no point overhang its base, and such base may in any case not exceed 260 cm².

(5) Subject to the provisions of subsections (1) and (2), a headstone may incorporate no more than two vases or other receptacles for flowers or foliage.

Penalties.

66. Any person contravening any provision of these by-laws or failing to comply therewith, or failing to comply with the conditions of any notice served on him by the Council in terms of these by-laws, shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R50 (fifty rand) and in the case of any continued offence, to a fine not exceeding R4 (four

misdryf voortgesit word. Benewens sodanige boete moet enige koste wat deur die Raad aangegaan word as gevolg van 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie verordeninge of by die uitvoering van enige werk by hierdie verordeninge voorgeskryf wat deur enigiemand uitgevoer moet word en wat nie deur hom uitgevoer is nie, deur die persoon betaal word wat hom aan sodanige oortreding skuldig maak of wat versuim om sodanige werk uit te voer.

Herroeping van Verordeninge.

67. Die Begraafplaats Regulaties van die Munisipaliteit Fochville, afgekondig by Administraturskennisgewing 187 van 9 April 1972, soos gewysig, word hierby herroep.

BYLAE A.

TARIEF VAN GELDE.

1. Die volgende gelde is vooruitbetaalbaar ten opsigte van grafte van inwoners van die munisipaliteit in die Monumentafdeling van die begraafplaas: —

	R
(1) <i>Enkel teraardebestelling.</i>	
(a) Vir die teraardebestelling van —	
(i) 'n volwassene	20,00
(ii) 'n kind	15,00
(b) Vir die toestemming om 'n grafsteen op te rig op die graf van —	
(i) 'n volwassene	1,00
(ii) 'n kind	1,00
(2) <i>Tweede teraardebestelling in dieselfde graf.</i>	
(a) Per volwassene	7,00
(b) Per kind	4,00
(3) <i>Bespreking van 'n graf.</i>	
(a) Vir die bespreking van 'n graf, insluitende teraardebestelling.	
(i) Per volwassene	25,00
(ii) Per kind	15,00
(b) Vir die toestemming om 'n grafsteen op te rig op die graf van —	
(i) 'n volwassene	1,00
(ii) 'n kind	1,00

2. Die volgende gelde is vooruitbetaalbaar ten opsigte van grafte van inwoners van die munisipaliteit in die Estetiese Afdeling van die begraafplaas:—

(1) <i>Enkel teraardebestelling.</i>	
(a) Vir die teraardebestelling van —	
(i) 'n volwassene	20,00
(ii) 'n kind	15,00
(b) Vir die toestemming om 'n grafsteen op te rig op die graf van —	
(i) 'n volwassene	1,00
(ii) 'n kind	1,00

rand) per day for every day such offence is continued. In addition to such fine any cost incurred by the Council as a result of any contravention of any of the provisions of these by-laws or in the carrying out of any work prescribed by these by-laws to be carried out by any person and not carried out by such person, shall be paid by the person guilty of such contravention or failing to carry out such work.

Revocation of By-laws.

67. The Cemetery Regulations of the Fochville Municipality, published under Administrator's Notice 187, dated 9 April 1972, as amended are hereby revoked.

SCHEDULE A

TARIFF OF CHARGES.

1. The following charges shall be payable in advance in respect of graves for residents of the municipality in the Monumental Section of the cemetery: —

	R
(1) <i>Single interment</i>	
(a) For the interment of —	
(i) an adult ...	20,00
(ii) a child ...	15,00
(b) For permission to erect a tombstone on the grave of	
